Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2018

# VISUELE KUNSTE V2 (PRAKTIES)

**21 SEPTEMBER – 23 NOVEMBER 2018**

**PUNTE:** **100**

**TYD: ONDERWERP 1:** **Moet gedurende die 3de kwartaal by die skool en/of tuis gedoen word. [50]**

**ONDERWERP 2:** **Moet onder gekontroleerde omstandighede gedurende die 4de kwartaal SLEGS by die skool gedoen word; 'n minimum van 12 uur en 'n maksimum van 24 uur. [50]**

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   ONDERWERP 1: BRONBOEK
   ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

2. Beantwoord AL die vrae in ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2.

3. Jou Visuele Kunste-onderwyser moet hierdie eksamen inlei en fasiliteer.

4. In hierdie eksamen sal daar van jou verwag word om die volgende te toon:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief en geneneer idees in reaksie op ŉ projek-opdrag.
   - Toon ŉ gevorderde graad van tegniese vaardigheid met die gebruik van ŉ reeks materiale en tegnieke.
   - Los visuele en konseptuele probleme op met die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke, deur persoonlike, ekspressiewe visuele taal te gebruik.
   - Bestuur tyd en die werksproses doeltreffend en bied eie werk op ŉ professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk.

5. **Jou visuele kunste praktiese eksamen vir Graad 11 verteenwoordig die hoogtepunte van jou Visuele Kunsstudies hierdie jaar.**

   Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal op hoë vlak ten toon gestel word. Mag jy dit geniet om hierdie kunswerk te skep en mag dit vars en oorspronklik wees en persoonlike ervaring oordra.

6. Lees BYLAE A (Algemeen) en BYLAE B, wat riglyne bevat vir nuwe-media-/ multimedia-/digitale kuns, digitale fotografie, installasie en uitvoerende kuns (‘performance art’).

## ONDERWERP 1: BRONBOEK

**Gekonseptualiseer deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees.**

Die bronboek vorm ŉ belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Jy mag by die skool sowel as tuis hieraan werk. Dit bied insig oor hoe jy idees gevorm het, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het, asook ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek moet al die denkprosesse wat tot die skep van die kunswerk gelei het, duidelik oordra.

**Jy moet visueel die 'storie' vertel van hoe jou kunswerk UITGEDINK, ONTWIKKEL en GESKEP is deur tekenwerk, eksperimentering en skryfwerk. Dit moet jou INDIVIDUALITEIT en KREATIWITEIT as ŉ Visuele Kunste-kandidaat weerspieël.**

**Merk hierdie bronboek duidelik as eksamenwerk en bied dit saam met jou finale kunswerk, ONDERWERP 2, aan.**

| |
|---|
| Direkte kopiëring uit tydskrifte, die internet, ensovoorts, word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van ŉ visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is ŉ vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.<br><br>Die proses van TRANSFORMASIE (VERANDERING) van die bronmateriaal is uiters belangrik.<br><br>As jy geskikte ontleende visuele beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike visuele beelde kombineer om JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL. |

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis om die finale kunswerk te ontwikkel en moet jou kreatiwiteit as kunskandidaat weerspieël deur esteties opwindend en kreatief in die aanbieding daarvan te wees.

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

**Die maak van kreatiewe kunswerke, die bestuur van die proses en aanbieding deur veilige praktyk te volg.**

**Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunslokaal gedoen word, deur ʼn minimum van 12 uur en ʼn maksimum van 24 uur te gebruik.**

## ALGEMENE RIGLYNE

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te skep in die **praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gekies het**.

2. Jy kan jou werk aanbied as ʼn enkele stuk of moontlik in die vorm van ʼn diptiek, triptiek of ʼn reeks werke wat as een kunswerk gelees word.

3. **Die kunswerk mag NIE uit die klaskamer verwyder word NIE. Dit word as ʼn eksamen-onreëlmatigheid beskou.**

4. Jy mag die vraestel met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek VOORDAT jy met die finale kunswerk begin.

5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet hanteerbaar en duursaam wees ten opsigte van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.

6. Onthou die belangrikheid van kunselemente en beginsels soos **lyn, vorm, kleur, tekstuur, toonwaarde, ruimte, ritme/beweging, balans, harmonie, verhouding, gradering, verskeidenheid** en **komposisie**.

7. Daar is geen spesifieke voorskrifte rakende die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, abstrak, simbolies, ensovoorts wees.

8. Kies verbeeldingryke onderwerpe, temas, simbole en metafore om ʼn ekspressiewe, emosionele, konseptuele of perseptuele kunswerk te skep.

9. Jy mag ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

**TEMA**

# GROEN

**Groen word met die lente geassosieer en verwys na wedergeboorte en hoop. Lente met al sy beloftes van lewe spruit uit winter. Groen is dus die kleur van die natuur, vrugbaarheid en lewe. Groen word ook tradisioneel met geld, finansies, bankwese, ambisie, hebsug en jaloesie geassosieer.**

**Die woord groen kan verder met die volgende geassosieer word:**

- Beskerming van die omgewing
- Volhoubaarheid
- Jonk en met gebrek aan ondervinding/onervare
- Vars/nuut/hernu
- Groei/velde
- Herwinning/herwinbare
- Verjonging/vernuwe

**GROEN kan die volgende simboliseer:**

*Gesondheid, Luiheid, Rustigheid, Gemak, Stilte, Neutraliteit, Buitelug, Plantegroei, Ontspanning, Netheid, Doeltreffendheid, Natuur, Omgewing, Reproduksie, Hernuwing, Vriendskap, Voorspoed, Harmonie, Vrede, Lewenskrag, Veiligheid, Ewewig, Vryheid, Vrygewigheid, Hoop, Goedheid, Vrugbaarheid*

**Die kleurSielkunde van Groen**

- **Groen** is ŉ koel kleur wat die **natuur** en die natuurlike wêreld **simboliseer**.
- Navorsers het ook bevind dat groen jou **leesvermoë kan verbeter**. Sommige studente mag vind dat hul leesspoed en begrip verbeter as daar ŉ deursigtige groen vel papier bo-oor hul leesmateriaal geplaas word.
- **Groen** is lank bekend as ŉ **simbool van vrugbaarheid** en was een van die voorkeur kleure vir die meeste trourokke in die 15de eeu.
- **Groen** word dikwels gebruik in binneshuisversiering as gevolg van die kleur se **kalmerende effek**. Byvoorbeeld, gaste wat wag om op televisieprogramme te verskyn, wag dikwels in ŉ 'groen kamer' om hulle te help ontspan.
- **Groen** word beskou as om **spanning te verlig** en genesing te versnel.

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en uit te daag. Dit is oop vir ŉ wye reeks vertolkings binne jou spesifieke dissipline. Jou vertolking moet die hoogtepunt wees van die kreatiewe proses waarmee jy in graad 10 begin het.

## Save Our Earth

*Have you ever taken the time*
*To see what was around you?*
*Taken the opportunity*
*To gaze at every little detail of your surroundings?*
*Or have you closed your eyes stubbornly*
*Because you prefer to be blind?*
*In the truth*
*You don't want to admit that our precious earth*
*Is falling apart*
*It's beautiful skirts of grass*
*Is dying*
*It's garden of stunning plants*
*Is running out of air*
*And us,*
*Us, the ones who made it this way*
*Will one day perish into a dark hole*

*In a way,*
*We are all selfish murderers*
*Killing the soil we walk upon*
*With our trash and disgrace, our ungratefulness*
*Slowly*
*Slowly it shall fade*
*Slowly we shall perish*
*Save the earth*
*Save our hearts and souls*
*Or forever be lost*
*In a pit of death and regret*
*Save our home*
*Save our air*
*Save our lives*
*Save Our Earth*

~ Jessica Robert

FIGUUR 1: Jessica Robert, ***Save our earth***, ongedateer.



FIGUUR 2: Trevor Makhoba, ***Groente is Noodsaaklik***, olie op papier, 2001.



FIGUUR 3: John Constable, ***The Haywain***, olie op doek, 1821.



FIGUUR 4: Bernard Green, ***Porthclais, St Davids***, linosnee, ongedateer.



FIGUUR 5: Jonathan Green, ***Vry Gees***, olie op doek, 2002.



FIGUUR 6: James Mayhew, ***Lente***: ***Maart Hase***, gekleurde linosnee, ongedateer.




FIGUUR 7: Peter Pharoah**, *Nzou*** (*olifant*), olie op doek, ongedateer.



FIGUUR 8: Peter Pharoah, ***Lesedi***, olie op doek, ongedateer.

## HERWINNING: PLASTIEKKUNS DEUR MBONGENI BUTHELEZI




FIGUUR 9: Mbongeni Buthelezi, ***Selfportret***, gesmelte plastiek op doek, ongedateer.



FIGUUR 10: Mbongeni Buthelezi, ***30km Spoedbulte***, gesmelte plastiek op doek, 2008.

## HERWINNING: WEGGOOIMATERIAAL WAT IN KUNSWERKE GEBRUIK WORD



FIGUUR 11: Tess Felix, ***Annie***, plastiek weggooimateiaal, ongedateer.




FIGUUR 12: Leo Sewell, ***Olifant,*** assemblage met weggooimateriaal, ongedateer.

## PAPIER COLLAGE DEUR ROSALIND FREEBORN



FIGUUR 13: Rosalind Freeborn, ***Kermis***, papier collage, ongedateer.



FIGUUR 14: Rosalind Freeborn, ***Londen***, papier collage, 2014.

## GOLDSWORTHY SE LANDKUNS SKEPPINGS



FIGUUR 15: Andy Goldsworthy, ***Rowan Blare en Gat***, helderkleurige blare, 1987.



FIGUUR 16: Andy Goldsworthy, ***Soetkastaiing Groen Horing***, Soetkastaiingblare saamgeheg met dorings, 1987.

## GROEN KERAMIEKKUNS

Die eienskappe van klei het positiewe effekte uit ŉ omgewings- en gesondheidsperspektief: **klei** is ŉ natuurlike bindingsmiddel en verkry ŉ stewige vaste vorm bloot deur lugdroging, geen chemiese binding is nodig nie.

Ongeag die energie wat nodig is om ŉ kleioond te vuur – as die hitte goed gereguleer en versprei word en as daar nie giftige materiale by die klei of in die afwerking gevoeg word nie – blyk dit dat daar min materiale bestaan wat so duursaam en **ekovriendelik** soos **keramiek** is.




FIGUUR 17: Susan Anderson, ***Keramiekvaas***, klei, ongedateer.



FIGUUR 18: Susan Anderson, ***Keramiekvaas***, klei, ongedateer.

## 'N GROEN GALLERY



FIGUUR 20: Pieter Hugo, ***Miss Moss***, foto, 1994.




FIGUUR 21: J. Baylor Roberts, ***Opvoering deur Swemmers***, foto, 1994.

Kopiereg voorbehou 




FIGUUR 22: Peter Clarke, ***Houtversamelaar***, akriel op bord, 1978.




FIGUUR 23: Karin Daymond, ***Winter Aalwyne***, kleurpotlood, ongedateer.



FIGUUR 24: Maggie Laubser, ***Blou Duiwe Tussen Varkore***, olie op doek, ongedateer.



FIGUUR 25: Stephen Trebicock, ***Stillewe met Suurlemoene***, olie op doek, ongedateer.

**Hou in gedagte dat die aangehegte foto's en gedig NIE gebruik mag word NIE vir kunswerke wat deur jou geskep word vir beide ONDERWERP 1 en ONDERWERP 2 nie, maar om jou eie konseptuele ontwikkeling te inspireer. As dit gebruik word, moet 'n totaal nuwe benadering en komposisie ondersoek word!**

Hierdie tema kan beskrywend, simbolies of meer metafories wees. Deur van jou navorsingsmateriaal gebruik te maak, moet jy 'n oorspronklike en kreatiewe oplossing vind om 'n individuele/persoonlike interpretasie van **GROEN** te skep.

**Onderwysers moet die aanvanklike dinkskrum/navorsingsproses fasiliteer.**

Begin deur jou werk in die vorm van 'n breinkaart in jou bronboek te konseptualiseer en gebruik die tema **GROEN**.

**Gebruik die riglyne hieronder om 'n kunswerk te skep waarin jy idees, gedagtes en interpretasies oor GROEN deel:**

- Bedoelings, doelwitte of idees wat jy graag wil oordra
- Visuele beelde wat jou bedoelings die beste sal uitdruk
- Verkenning van en eksperimentering met materiaal en tegnieke, wat ten minste EEN tonale tekening met betrekking tot die tema moet insluit
- Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik, wat tonale tekeninge moet insluit
- Media wat hierdie idees suksesvol kan oordra
- Tegnieke wat die geskikste sal wees om jou media en jou idees uit te druk
- Grootte, formaat en aanbieding wat jou idees die beste sal pas
- Sien die assesseringskriteria op bladsye 19, 20 en 21

Jy kan die volgende ten opsigte van **GROEN** oorweeg:

- Land en landskap
- Natuur/lewe
- Die dualitiet van groei, bv. groei/ontbinding
- Herwinning, hergebruik en vermindering
- Enige ander interpretasies

Reflekteer nou op jou eie interpretasie van **GROEN!**

## ONDERWERP 1: BRONBOEK

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Punte-toekenning |
|---|---|---|
| **Konsep-ontwikkeling** | • Breinkaarte, benoemde sketse en tekeninge om konsep-ontwikkeling te toon | 10 |
| **Navorsing, ondersoek, eksperimentering** | • Dit moet sommige of al van die volgende insluit:<br>o Sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en enige ander materiaal wat jou inspireer<br>o Navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het<br>o Eksperimentering met media en/of verskillende tegnieke<br>• Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van **jou** werk en **jou** besluite ondersteun | 15 |
| **Prosestekeninge** | • Ten minste 30% moet tekeninge wees om jou konsep-ontwikkeling te verduidelik | 15 |
| **Aanbieding en algehele voorkoms** | • Dit moet visueel interessant wees en 'n persoonlike benadering toon<br>• Jou bronboek behoort uit ten minste 8–10 bladsye te bestaan | 10 |
| | **TOTAAL** | **50** |

## ONDERWERP 2: DIE KUNSWERK

| ASSESSERINGSKRITERIA | Dit sluit die volgende in: | Punte-toekenning |
|---|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid | 10 |
| **Gebruik van formele kunselemente** | • Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie | 10 |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** | • Ontwikkeling van nuwe en unieke reaksies/oplossings | 10 |
| **Interpretasie en praktiese implementering van navorsing** | • 'n Persoonlike interpretasie van 'n tema<br>• Eksperimentering<br>• Pak nuwe uitdagings aan | 10 |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** | • Aandag aan detail<br>• Taak in aangewese tyd voltooi<br>• Aanbieding volgens taak | 10 |
| | **TOTAAL** | **50** |

FINALE PUNT: ONDERWERP 1 (**50**) + ONDERWERP 2 (**50**) = **100**

## ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90 – 100% | • Die kandidaat het baie idees ontwikkel; het ongewone kombinasies of veranderinge probeer voordat een finale idee gekies is; het verbindings met vorige kennis gemaak; bemeester probleemoplossingvaardighede.<br>• Poging is veel meer as wat vereis is.<br>• Die 'WOW'-faktor is duidelik.<br>• Werk toon ’n groot mate van innovering.<br>• Die werk spreek in geheel van selfvertroue en is stemmingsvol; dit betrek die kyker met uitstekende visuele kwaliteite.<br>• Die werk toon duidelik ’n oorspronklike visie, ’n verskeidenheid innoverende idees en/of die neem van risiko's en vindingryke artikulasie van ’n wye reeks elemente en beginsels.<br>• Inhoud/Konseptuele rykheid van die werk is uitstekend.<br>• Uitstaande en oorspronklike aanbieding; buitengewone vermoë; kreatiewe rykheid; insiggewend; vlot; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur ’n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings. |
| **Uitstekend** | 80 – 89% | • Treffende impak; meeste van die bogenoemde gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ ongewone/relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik en oorwoë; minder beslis; ’n paar geringe foute sigbaar.<br>• Die meeste van die bostaande, maar sonder die ‘WOW’-faktor<br>• Dikwels uitstekende tegniese vaardighede, maar nie so innoverend nie OF baie innoverend, maar ’n gebrek aan tegniese rykheid. |
| **Baie Goed** | 70 – 79% | • Goed georganiseerd, maar ’n gebrek aan 'glans en sprankel' (minder oortuigend ten opsigte van verbeelding, kreatiwiteit en innovering); goeie vlak van bevoegdheid en keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; ’n paar ooglopende teenstrydighede/ tekortkominge sigbaar.<br>• Goeie bewys van moeite en toewyding.<br>• Interessant/innoverend/kreatief, maar nie tegnies afgehandel nie.<br>• Tegnies goed, maar ’n gebrek aan konseptuele rykheid of andersom. |
| **Goed** | 60 – 69% | • Die werk toon ’n mate van oorspronklikheid; duidelike bedoeling; oortuigend; eenvoudige, direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig somtyds na die alledaagse en ’n stereotiepe reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite gedoen met aanbieding; steurende/ooglopende teenstrydighede.<br>• Goeie vlak van bevoegdheid. |
| **Gemiddeld** | 50 – 59% | • Voldoende; voel meganies; nageboots of gekopieer; min insig.<br>• Verbeeldingloos; enkele visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie.<br>• Billike aanbieding; baie steurende teenstrydighede.<br>• Gemiddelde vlak van tegniese bevoegheid: moontlik beperkte betrokkenheid met betreeking tot tyd en moeite.<br>• Beelde is uit ’n ander bron gekopieer, met min transformasie van beelde.<br>• Min bewyse dat iets ongewoon probeer is.<br>• Omvang van die werk is eng en/of herhalend. |

| | | |
|---|---|---|
| **Ondergemiddeld** | 40 – 49% | • Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgestel nie.<br>• Beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede en/of ’n gebrek aan tyd aan taak gewy, kan bydraende faktore wees.<br>• Min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.<br>• Beelde is van ’n ander bron gekopieer met baie min transformasie.<br>• Komposisie is swak en onontwikkeld; geen bewys van beplanning nie, of onvolledige beplanning. |
| **Swak** | 30 – 39% | • Net genoeg materiaal/werk om te slaag.<br>• Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik.<br>• Min moeite gedoen om inligting op ’n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/verwysings nie.<br>• Algemene gebrek aan toewyding; benodig ondersteuning/motivering om te slaag.<br>• Onvoldoende tyd aan taak gewy. Standaard onder dit was aanvaarbaar is.<br>• Swak oplossings vir probleme; kunswerk is gekopieer en oppervlakkig; geen bewyse van oorspronklike denke nie. |
| **Baie swak Druip** | 20 – 29% | • Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; weining of irrelevante werk/visuele inligting.<br>• Geen moeite gedoen om werk op ’n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking.<br>• Baie swak vaardigheidsvlak.<br>• Projek is baie swak of onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; kandidaat lewer min insette. |
| **Onaanvaarbaar Druip** | 0 – 19% | • Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk nie; gebrek aan selfs beperkte vaardighede; geen toewyding/samewerking nie.<br>• Werk onvoltooid.<br>• Swak artistiese besluitneming; geen moeite gedoen nie. |

## BYLAE A: ALGEMEEN

1. Daar word van die kandidaat verwag om EEN kunswerk in die PRAKTIESE DISSIPLINE te kies wat hy/sy DIE JAAR GEKIES HET. Gespesialiseerde keuses sluit tekening, skilder, beeldhouwerk, drukkuns, multimediawerk, fotografie, installasies, nuwe media, ensovoorts in.
2. Party kandidate het die vryheid nodig om oor dissiplines te werk. Dit is in ooreenstemming met kontemporêre kunspraktyke. ŉ Gespesialiseerde fokus op skilder kan die verkenning van drie-dimensionele werk en nuwe media insluit.
3. Kandidate se kunswerke word nagesien volgens die kriteria vir die vak, Visuele Kunste, en nie volgens die gespesialiseerde dissipline nie.
4. Kontemporêre kunstenaars ontleen aan ŉ oneindige verskeidenheid van materiaal, bronne en style om kuns te skep. Kontemporêre kunstenaars wat binne die postmoderne era werk, aanvaar die idee van 'kunssinnige pluralisme', die aanvaarding van ŉ verskeidenheid kunsbedoelings en -style
5. Vandag se kontemporêre kunswêreld toon ŉ oorkruising/integrasie van media/tegnieke, wat beteken dat ons vooropgestelde idees en tegnieke voortdurend verander. Praktiese werk moet altyd deur die kontemporêre kunspraktyk ingelig word. Dit moet tydens die nasien van eksamenwerk in gedagte gehou word.
6. Kreatiwiteit en individualiteit moet beklemtoon word.

**Let op die verskille tussen plagiaat en toe-eiening:**

- **Plagiaat** is die **direkte** kopieëring van iemand anders se visuele beeld/kunswerk. Dit sluit skilderye, digitale beelde en fotografie in.
- **Toe-eiening** is wanneer gevonde beeldmateriaal in ŉ nuwe konteks gebruik word; die beeld vorm deel van jou groter oorspronklike komposisie.
- Dit is verkieslik dat jy jou eie fotografie gebruik, wat jou sal toelaat om die stemming, boodskap, standpunt, ensovoorts te oorweeg. Dit is aanvaarbaar om van jou eie foto's af te skilder.
- Dit word aanbeveel dat jy soveel as moontlik verskillende bronne raadpleeg wat jou vlak van navorsing sal verdiep: eie tekeninge van direkte waarneming, naslaanbronne, tydskrifte ens.
- Let daarop dat beelde wat vanaf die Internet afgelaai word, dikwels van swak gehalte is, soos lae resolusie, oppervlakkige inhoud ensovoorts en dit moet baie spaarsamig gebruik word.
- Wanneer jy jou idees evalueer, elimineer dit wat goedkoop ('cheesy') is (byvoorbeeld pienk harte en sentimentele goedjies), onopreg (byvoorbeeld wêreldvrede) of uitermate soetsappig is of ŉ tekort aan inhoud het (byvoorbeeld ŉ bos rose).

Die **BRONBOEK** moet jou finale kunswerk ondersteun. Beelde wat in jou finale kunswerk gebruik is, moet in jou bronboek sigbaar wees. Alle beeldgebruik moet ontwikkeling toon in jou bronboek. Konsepte ontwikkel dikwels uit eksperimentering met materiale en tegnieke. ŉ Bronboek moet ŉ persoonlike betrokkenheid van jou werkproses toon en moet ŉ visueel aanvaarbare/ opwindende werk tot gevolg hê.

## BYLAE B

### BRONBOEK: NUWE-MEDIA-/MULTIMEDIA-/DIGITALE KUNS

- Konsep-ontwikkeling en -uitvoering moet 'n belangrike rol in alle nuwe-media-, multimedia-/digitale werk speel. Bewys van die kandidaat se denkprosesse wat tot die finale uitvoering van die konsep in sy/haar werk gelei het, moet visueel sigbaar wees.
- Die bronboek moet bewys toon van:
  - **Relevante bronmateriaal** – eie bronne geskep met gebruik van sagteware of met die hand geskep en met verskeie digitale prosesse ingevoer.
  - **Konsep-ontwikkeling** (duimnaelsketse, skryfwerk en/of 'n storiebord)
  - **Navorsing oor kunstenaars** wat soortgelyke benaderings volg.
  - **Dokumentering van programme** wat gebruik is, bv. skermskote, ensovoorts
  - **Ten minste 30% moet tekeninge wees om konsep-ontwikkeling te verduidelik.**

### KUNSWERK: NUWE-MEDIA-/MULTI-MEDIA-/DIGITALE KUNS

- Alle nuwe-media/multimedia-/digitale kuns moet kunssinnigheid bo tegniese vaardighede **beklemtoon.** Met ander woorde, dit is nie die kandidaat se vaardigheid in 'n spesifieke rekenaarprogram wat geassesseer word nie, maar die estetiese uitvoering daarvan. Daarom is navorsing oor kontemporêre kunstenaars noodsaaklik om 'n eie kunswerk te skep. (Kandidate moet onderskei tussen die gebruik van hierdie nuwe media vir Visuele Kuns of Ontwerp, byvoorbeeld musiekvideo's, ensovoorts.)
- Die gebruik van rekenaartoepassings as hulpmiddels om konsep, ekspressiewe en formele kwessies te realiseer (soortgelyk aan hoe 'n skilder sy/haar kwas en verf sou gebruik)
- Kandidate moet konseptuele, estetiese, ekspressiewe en formele kwessies as fundamenteel tot die benadering beskou, kontekssensitiwiteit ingesluit.
- Persoonlike kontrole en uitvoer van werk.
- **Aanbieding is belangrik:**
  - In kunsgalerye en -museums word videokuns en animasies gewoonlik op 'n groot oppervlak geprojekteer om die kyker te oorweldig met 'n totale sensoriese ervaring. Alhoewel dit meestal nie by 'n skool moontlik is nie, moet die kandidaat die impak van die werk op 'n rekenaarskerm oorweeg.
  - In tweedimensionele digitale werk kan die finale kunswerk nie slegs 'n A4−afdruk wees nie. Dit moet 'n reeks van ten minste 3−5 A4-werke wees wat narratief verbind is OF in ten minste A2 gedruk en gemonteer wees.
- In animasie-/videokuns moet ruimte, tyd, beweging, narratief, chronologie, interaksie van beeld en klank in ag geneem word.
- **Kandidate moet die klankbaan in animasie-/videokuns sorgvuldig oorweeg. Dikwels verleen die klankbaan 'n 'musiekvideo'-gevoel aan die werk en weerspreek die boodskap. Kandidate kan hulle eie klanke skep.**

## DIGITALE FOTOGRAFIE

- Die minimum vereiste is VIER A4-verwante digitale afdrukke OF iets soortgelyks in grootte, byvoorbeeld drie A3-afdrukke of een A2-afdruk of groter.
- Die foto's moet as een kunswerk gekonseptualiseer en aangebied word, byvoorbeeld deur ŉ narratief te volg.
- Plaas die digitale beelde op ŉ CD en plaas die CD voor in die bronboek.
- Alle digitale sagtewareprosedures moet deeglik in die bronboek aangeteken word. **Die kandidaat moet rekord hou van skermskote wat al die redigeringsbesluite wat geneem is, illustreer. Dit is die enigste manier om digitale werk as eg te verklaar, aangesien so baie digitale kunswerk op die Internet vir aflaai beskikbaar is.**

- Die bronboek moet die volgende insluit:
  - Die program wat gebruik is (byvoorbeeld Adobe Photoshop 7)
  - Alle digitale sagtewareprosedures. Die kandidaat moet rekord hou van skermskote wat alle redigeringsbesluite illustreer.
  - Die hulpmiddels wat die kandidaat gebruik het om sy/haar beelde te manipuleer, met ander woorde verstellings gemaak, filters gebruik (verwringing, geraas, vertolking, skets), ensovoorts
- Kandidate moet die aanbieding van die werk deeglik oorweeg.
- Kandidate wat hierdie opsie kies, moet hulself vertroud maak met kontemporêre ontwikkelings in digitale fotografie vir die skone kuns.
- Fotografie, beide tradisioneel en digitaal, is nie ŉ tegniese oefening nie, maar sluit vrae oor estetika, bedoeling, inhoud, ensovoorts by die assesseringskriteria in.

**Assessering van fotografie:**
- Interpretasie en kommunikasie van die tema. Kandidate moet in staat wees om verhoudinge/konneksies tussen beelde te vorm.
- Werk moet ŉ hoe mate van oorspronklikheid en sterk kreatiewe kenmerke weerspieël. Dit moet lees as skone kuns, daarom is konseptualisering in die bronboek noodsaaklik.
- Beelde moet met mekaar en die tema verband hou. Geen lukrake keuse nie.
- Formele elemente en beginsels.
- Fotografie kan met ander media gekombineer word.

## INSTALLASIE

- Installasies breek weg van tradisionele skilder- en beeldhouwerk deur driedimensionele ruimtes te skep wat kykers kan betree en deur ŉ kunstenaar se prosesse en visies omring word.
- Dit moet ooreenkom met kontemporêre ontwikkelings in skonekuns-praktyke.
- Twee- en driedimensionele elemente in ŉ omgewing.
- Kandidate kan klaargemaakte items ('ready-mades') gebruik.
- Kykerinteraksie met ruimte is belangrik.
- Sensitiwiteit vir kykerontvangs en interaksie op veelvoudige sensoriese vlakke.
- Installasiekunswerke moet beide tegnies en konseptueel volledig afgehandel word.
- Daar moet uitgebreide navorsing en konsep-ontwikkeling in die bronboek wees om die kunswerk te regverdig.

**UITVOERENDE KUNS (‘PERFORMANCE ART’)**

- Beplan, dokumenteer en repeteer uitvoerendekuns-stukke deeglik.
- Maak tekeninge regdeur die konseptualiseringsproses van die uitvoering.
- Dokumenteer uitvoerende kuns fotografies, videografies en met tekeninge en woorde.
- Gee noukeurig aandag aan die subtiele verskille tussen Uitvoerende Kuns ('Performance Art') as Visuele Kuns en Uitvoerende Kuns (‘Performance Art') as Dramatiese Kuns.
- Vir die finale eksamen sal die dokumentasie van die opvoering geassesseer word en nie die werklike opvoering nie weens die aard van die eksamen- en modereringsproses.

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou